



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
  - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
  - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie AFDELING nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: WATTER ROL HET DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) IN DIE BEWUSMAKING VAN SWART SUID-AFRIKANERS GESPEEL?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Haal TWEE redes uit die bron aan oor wat daartoe aanleiding gegee het dat swart Suid-Afrikaanse studente by NUSAS aangesluit het. (2 x 1) (2)
- 1.1.2 Definieer die konsep *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Biko gevoel het dat dit nodig was om in 1969 SASO te stig. (2 x 2) (4)
- 1.2 Lees Bron 1B.
- 1.2.1 Hoe, volgens die bron, het SASO die Swartbewussynsfilosofie bevorder? (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Noem die TWEE leiers in die bron wat SASO se gemeenskapsontwikkelingsprogramme beïnvloed het. (2 x 1) (2)
- 1.2.3 Maak 'n lys van DRIE gemeenskapsprojekte in die bron wat deur SASO tot stand gebring is. (3 x 1) (3)
- 1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die impak wat gemeenskapsontwikkelingsprojekte op swart Suid-Afrikaners gehad het. (2 x 2) (4)
- 1.3 Bestudeer Bron 1C.
- 1.3.1 Hoe, volgens die bron, het die Minister van Justisie die parlement verstom (geskok)? (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Pelsers die verbanning van die SASO-8 geregverdig het. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Waarom, volgens die bron, het Pelsers nie die leiers van SASO voor die hof gedaag nie? (1 x 1) (1)
- 1.3.4 Verduidelik wat jy dink Helen Suzman geïmpliseer het met die stelling: 'die regering was verantwoordelik vir die skep van 'n onvernietigbare (blywende) swart nasionalisme wat net 'n neweproduk van wit nasionalisme is'. (2 x 2) (4)

- 1.4 Gebruik Bron 1D.
- 1.4.1 Verduidelik waarom jy dink SASO besluit het om hierdie nuusbrieff te publiseer. (2 x 2) (4)
- 1.4.2 Lewer kommentaar op die gebruik van die swart gebalde vuis wat op die voorblad van die nuusbrieff in die lug opgesteek is. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron wanneer die rol van SASO nagevors word. (2 x 2) (4)
- 1.5 Bestudeer Bron 1C en 1D en verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D oor die SASO-8 ondersteun. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol wat die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in die bewusmaking van swart Suid-Afrikaners gespeel het, verduidelik. (8) **[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK)  
DIE MOORD OP POLITIEKE AKTIVIS, ASHLEY KRIEL, HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

**2.1 Verwys na Bron 2A.**

- 2.1.1 Haal TWEE organisasies uit die bron aan wat tot die stigting van die WVK ingestem het. (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Gee TWEE redes in die bron vir die totstandkoming van die WVK. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Verduidelik waarom jy dink die WVK die mandaat gekry het om menseregteskendings wat tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 gepleeg is, te ondersoek. (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Definieer die term *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)
- 2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor waarom die WVK na die getuienis van beide slagoffers en oortreders geluister het. (2 x 2) (4)

**2.2 Raadpleeg Bron 2B.**

- 2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee wanneer en waar Ashley Kriel vermoor is. (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Hoe, volgens die bron, het aktiviste Ashley Kriel se persoonlikheid beskryf? (2 x 1) (2)
- 2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Ashley Kriel 'n teiken van die apartheidsveiligheidsmagte geword het. (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Noem TWEE maniere in die bron waarop Ashley Kriel se menseregte geskend is. (2 x 1) (2)

**2.3 Bestudeer Bron 2C.**

- 2.3.1 Noem enige TWEE politieke aktiviste in die bron vir wie Benzien om verskoning gevra het vir hulle aanranding gedurende ondervraging. (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Verduidelik of jy dink die WVK geregverdig was om amnestie aan Benzien toe te staan vir die moord op Ashley Kriel. (2 x 2) (4)

- 2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B van die bewyse in Bron 2C verskil met betrekking tot die moord op Ashley Kriel. (2 x 2) (4)

- 2.5 Gebruik Bron 2D.
- 2.5.1 Lewer kommentaar op wat jy dink deur die woorde op die banier, 'WVK: GEEN GERECHTIGHEID VIR ASHLEY KRIEL,' geïmpliseer word. (2 x 2) (4)
- 2.5.2 Verduidelik waarom jy die bewyse in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer die omstandighede rondom die dood van Ashley Kriel nagevors word. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie die moord op die politieke aktivis, Ashley Kriel, hanteer het. (8) **[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE 2018 BRICS-SPITSBERAAD OP SUID-AFRIKA GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1 Verwys na Bron 3A.
- 3.1.1 Noem enige DRIE BRICS-lidlande in die bron. (3 x 1) (3)
- 3.1.2 Waar, volgens die bron, is die 10<sup>de</sup> BRICS-spitsberaad gehou? (1 x 1) (1)
- 3.1.3 Wat, volgens Sooklal, was die DRIE sleuteluitdagings waarvoor opkomende lande te staan gekom het? (3 x 1) (3)
- 3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe lede van BRICS die uitdagings wat opkomende lande ondervind het, sou aanpak. (2 x 2) (4)
- 3.2 Bestudeer Bron 3B.
- 3.2.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)
- 3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom jy dink BRICS-leiers mekaar se hande vasgehou het. (1 x 2) (2)
- 3.3 Vergelyk Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3B oor die 10<sup>de</sup> BRICS-spitsberaad ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.4 Raadpleeg Bron 3C.
- 3.4.1 Wie, volgens die bron, het baat gevind by die ooreenkoms wat by die 10<sup>de</sup> BRICS-spitsberaad onderteken is? (2 x 1) (2)
- 3.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die doel van die beleggingstransaksies wat by die BRICS-spitsberaad onderteken is. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink BRICS-lidstate na Suid-Afrika as die 'nie-gunsteling' ('underdog') verwys het. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat bestudeer of Suid-Afrika by BRICS baat gevind het. (2 x 2) (4)

## 3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Voor watter uitdagings, volgens die bron, het Suid-Afrika as 'n lid van BRICS te staan gekom? (2 x 1) (2)

3.5.2 Definieer die term *kapitalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.5.3 Identifiseer EEN rede in die bron wat 'Suid-Afrika se groei beperk' het. (1 x 1) (1)

3.5.4 Lewer kommentaar op hoe BRICS-lidlande Suid-Afrika se vervaardigingsektor geraak het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak wat die 2018 BRICS-spitsberaad op Suid-Afrika gehad het, verduidelik. (8)  
**[50]**



**AFDELING B: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

Verduidelik tot watter mate boikotte, onttrekking van beleggings en sanksies deur die internasionale anti-apartheidsbewegings verantwoordelik was vir die uiteindelijke val van PW Botha se regime in die 1980's.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

**[50]****VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

Die 25<sup>ste</sup> herdenking van die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika word in 2019 gevier.

Bespreek krities die rolle wat verskillende politieke organisasies gespeel het in die bemeesting van die uitdagings wat Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 in die gesig gestaar het.

**[50]****VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Die val van die Berlynse Muur in 1989 het daartoe gelei dat politieke vyande, die Nasionale Party en die African National Congress, samesprekings begin het.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse.

**[50]****TOTAAL: 150**